LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

11-03-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 10 VIR 2019



LEES ASB. → BELANGRIKE INLIGTING

1 **ATLETIEK 2019**:
Baie sterkte aan Noa Froneman (0/10 - Gewigstoot) ; Adele Venter (0/12 - Gewigstoot) en Jessica Wehmeyer (0/13 - Hoogspring) wat aan die SA Atletiek kampioenskappe gaan deelneem op 15 en 16 Maart 2019. Ons is super trots op julle en hou styf duim vas!

2 **MINI-NETBAL:**
Al ons spanne oefen Maandag en Dinsdag, soos op tye in brief wat spelers ontvang het.

3 **NETBAL**:
- Al die A en B spanne (0/10-0/12) oefen hierdie week op Dinsdag, 15:00 - 16:00 en Donderdag, 14:00 - 15:00.
- Die 0/13 A en B spanne oefen Dinsdag van 16:00 - 17:00 en Donderdag van 15:00 - 16:00.
- Geen oefening vir die C en D spanne nie.

4 **♫ KOOR ♫:**
Daar is geen kooroefening vir Juniors of Seniors dié week nie.

5 **RUGBY**:
- Oefening hervat weer Maandag, 8 April 2019.
- Bulletjies (0/6-0/8) oefen net Maandag, 11 Maart vanaf 17:00 - 18:00. Oefening hervat weer op Woensdag, 3 April 2019.
- Die 0/9 rugbyspan speel in 'n aandreeks te Risiville op Maandag en Dinsdag, 11 en 12 Maart 2019.
- Rugbywedstryde vir 0/9 - 0/11 op 4 April 2019 te Laerskool Impala.
- Sterkte aan ons Eerste rugbyspan wat toer vanaf 15-20 Maart na Sportweni.
- Baie dankie vir elke pa en seun wat Saterdag bygewoon het.

6 **"SPREEKKOOR" – GRAAD 1 EN 2:**

Ons oefen eers op 8 April 2019 in Juf. Monica se klas vanaf 13:00 - 13:30. Almal moet asb. daar wees.

7 **KLEREDRAG EN HARE:**

Ouers moet asb. uself vergewis met die kleredrag en hare reëls, soos in die leerders se huiswerkboekie. Maak asb. seker dat u kind voldoen aan die skoolreëls.

8 **FOTODAG**:

Ons neem Donderdag, 14 Maart 2019 die volgende foto's:

- Alle leierkomitees - Formele skooldrag
- Junior en Senior redenaars - Formele skooldrag
- Atletiekspan - Atletiekdrag
- D7 atletiekspan - D7 drag
- Gauteng atletiekspan - Gauteng drag
- Swemspan - Volkiedrag
- Gauteng swem - Gauteng drag

Leerders moet asb. sorg dat hulle die regte kleredrag aan het!

9 **GHOLF**:

Daar is elke 1ste Donderdag van die maand 'n Junior Gholfdag by Heidelberg Gholfbaan vanaf 14:00. Kontak asb. vir Mev Marietjie Emslie by 0828992507 indien u belangstel.

10 **RAPPORTE**:

Donderdag, 14 Maart word rapporte van 17:00 - 18:00 uitgedeel in die skoolsaal.



11 **SKOOL SLUIT:**

- ✏ Die skool verdaag **Woensdag, 13 Maart om 13:30** a.g.v. Personeelopleiding.
- ✏ Die skool sluit **Vrydag, 15 Maart 2019 om 10:00.**

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF